NWU Skool vir Musiek & Konservatorium
(018) 299-1692 • music@nwu.ac.za

GIDS VIR AANSOEK, KEURING & TOELATING VIR 2021

Die proses om toegelaat te word tot voorgraadse musiekstudie by die Noordwes-Universiteit bestaan uit twee opeenvolgende dele met ’n aparte aansoek vir elkeen van hierdie dele:

EERSTENS — moet ’n voornemende student aansoek doen om algemene toelating tot die *Noordwes-Universiteit* (sien 1. hieronder);

DAARNA — moet ’n voornemende student aansoek doen vir ’n oudisie en ander keuringsprosedures by die *NWU Skool vir Musiek* (sien 2.2 hieronder).

Die keuringsproses sal eers begin wanneer **beide** hierdie aansoeke voltooi is.

Lees asseblief hierdie gids noukeurig vir volle inligting oor die vereistes en prosesse vir aansoek, keuring en toelating tot voorgraadse studie aan die NWU Skool vir Musiek.

1. Aansoek om toelating tot die Noordwes-Universiteit

Besoek die NWU-webblad by < http://studies.nwu.ac.za/af/studies/aansoeke > vir volle inligting en instruksies om jou aansoek aanlyn in te dien.

Die sluitingsdatum vir aansoeke vir keuringskursusse, *wat alle musiekprogramme insluit*, is **31 Julie 2020**.

2. Keuring

2.1 Toelatingsvereistes

Diploma in Musiek	***BA Musiek & Samelewing***	***Baccalaureus Musicae (BMus)***
• Voltooide Matriek / Nasionale Senior Sertifikaat met toelating tot diplomastudie • APS van minstens 18 • Ten minste 50% (vlak 4) vir Engels in Graad 12 • Suksesvolle aflegging van ’n musikale aanlegtoets en oudisie	• Voltooide Matriek / Nasionale Senior Sertifikaat met toelating tot graad-studie, en ’n APS van minstens 21 *OF* ’n diploma in musiek of ’n gelykwaardige kwalifikasie waarin die modules vir die finale jaar geslaag is met ’n gemiddeld van minstens 60% • Ten minste 50% (vlak 4) vir Engels in Graad 12 • Suksesvolle aflegging van ’n praktiese oudisie (Graad 3 standaard) en ’n teoretiese plasingstoets (Graad 2 standaard)	• Voltooide Matriek / Nasionale Senior Sertifikaat met toelating tot graadstudie • APS van minstens 24 • Suksesvolle aflegging van ’n praktiese oudisie (Graad 6 standaard) en ’n teoretiese plasingstoets (Graad 5 standaard)

Studente wat nie volledig aan die toelatingsvereistes voldoen nie (bv. ten opsigte van universiteits-vrystelling), kan *steeds* aansoek doen en vir die keuring aanmeld, aangesien daar in verdienstelike gevalle moontlik voorwaardelike reëlings getref kan word om toelating te bewerkstellig.

2.2 Aansoek om keuring by die NWU Skool vir Musiek

Sodra aansoek gedoen is om algemene toelating tot die Noordwes-Universiteit, moet voornemende studente *onmiddellik* aansoek doen vir keuring by die NWU Skool vir Musiek. Aansoek vir keuring moet aanlyn voltooi word by < http://nwumusic.co.za/2020-audition-application > teen die sluitingsdatum van **31 Julie 2020**.

2.3 Datums vir keuring / oudisie

Die enigste geleenthede vir oudisie is op **Saterdag 22 Augustus & Saterdag 29 Augustus 2020** by die NWU Skool vir Musiek & Konservatorium in Potchefstroom.

Sodra die aansoek om keuring ontvang is, sal 'n spesifieke datum vir elke voornemende student se keuring / oudisie bepaal en bevestig word.

2.4 Keuringsvereistes

Diploma in Musiek	***BA Musiek & Samelewing***	***Baccalaureus Musicae (BMus)***
• Musikale aanlegtoets, begripstoets, Oxford-plasingstoets, en praktiese oudisie (2.4.1)	• Teoretiese plasingstoets (2.4.2), skriftelike opdrag, begripstoets, en Oxford-plasingstoets (2.4.3) • Praktiese oudisie (2.4.4)	• Teoretiese plasingstoets (2.4.5), skriftelike opdrag en begripstoets (2.4.6) • Praktiese oudisie (2.4.7)

2.4.1 Musikale aanlegtoets, begripstoets, Oxford-plasingstoets, en praktiese oudisie vir *Diploma in Musiek*

- Voornemende studente sal in groepsverband getoets word vir musikale aanleg.
- Voornemende studente sal 'n begripstoets in Engels voltooi.
- Voornemende studente sal die Oxford-plasingstoets skryf om Engelse taalvaardigheid te toets.
- Voornemende studente wat reeds kennis van enige aard van musieknotasie (notebalke) het, sal 'n kort plasingstoets skryf.
- Drie werke van verskillende genres en tempo moet vir die praktiese oudisie voorgedra word. Begeleiding sal verskaf word, indien nodig.
- Voornemende studente wat 'n oudisie in CCM aflê moet drie liedere van verskillende genres/style en tempo's voorberei, bv. een stadige tempo (ballade), een medium tempo, en een vinnige tempo. "Backtracks" moet verkieslik gebruik word; sang saam met die kunstenaar op CD is streng verbode. Net een lied mag a capella gesing word. Geen eie komposisies word toegelaat nie. Daar sal ook 'n voorgeskrewe lied wees vir al die kandidate. Kandidate kan hulle eie begeleiers gebruik. 'n Begeleier kan voorsien word mits die bladmusiek (geen akkoordkaarte nie) minstens drie weke voor die oudisie ingedien word.
- Voornemende studente wat 'n oudisie in koorleiding wil aflê, moet twee voorgeskrewe, kontrasterende werke voorberei. Hierdie werke sal aan kandidate gestuur word ná die sluitingsdatum vir aansoeke (31 Julie 2020).

Alle Diploma in Musiek-studente wat aanvaar is, moet ook die brugkursus bywoon wat aangebied word voordat die klasse in Februarie begin. As jy reeds kennis van enige aard van musieknotasie het, sal jy verskeie toetse skryf, en jou gehoorvaardighede sal ook beoordeel word. Aan die einde van die week

sal die vakvoorsitter jou plasingstoets en al die evaluerings wat tydens die brugkursus afgehandel is, gebruik om te bepaal vir watter musiekteoriemodules jy kan registreer. Dit is belangrik dat jy moet kan bewys dat jy hard kan werk ten einde jou vaardighede en insig te ontwikkel.

Studente wat aanvaar is, maar geen kennis van musieknotasie het nie, sal deelneem aan ander musiekaktiwiteite gedurende die brugkursus.

2.4.2 Teoretiese plasingstoets vir *BA Musiek & Samelewing*

Die teoretiese plasingstoets sal op Unisa Graad 2 / Royal Schools Graad 3 standaard wees.

Alle BA Musiek & Samelewing-studente wat aanvaar is, moet ook die brugkursus bywoon wat aangebied word voordat die klasse in Februarie begin. Tydens hierdie week word verskeie toetse geskryf, en jou gehoorvaardighede sal ook beoordeel word. Aan die einde van die week sal die vakvoorsitter jou plasingstoets en al die evaluerings wat tydens die brugkursus afgehandel is, gebruik om te bepaal vir watter musiekteoriemodules jy kan registreer. Dit is belangrik dat jy moet kan bewys dat jy hard kan werk ten einde jou vaardighede en insig te ontwikkel.

2.4.3 Skriftelike opdrag, begripstoets, en Oxford-plasingstoets vir *BA Musiek & Samelewing*

- Voornemende studente sal ’n onderwerp kry waaroor ’n kort opstel geskryf moet word.
- Voornemende studente sal ’n begripstoets in Engels voltooi.
- Voornemende studente sal die Oxford-plasingstoets skryf om Engelse taalvaardigheid te toets.

2.4.4 Praktiese oudisie vir BA Musiek & Samelewing

Drie kontrasterende werke op Unisa Graad 3 / Royal Schools Graad 4 standaard moet vir die praktiese oudisie voorgedra word. Begeleiding sal verskaf word, indien nodig.

Voornemende studente wat ’n oudisie in CCM aflê moet drie liedere van verskillende genres/style en tempo’s voorberei, bv. een stadige tempo (ballade), een medium tempo, en een vinnige tempo. “Backtracks” moet verkieslik gebruik word; sang saam met die kunstenaar op CD is streng verbode. Net een lied mag a capella gesing word. Geen eie komposisies word toegelaat nie. Daar sal ook ’n voorgeskrewe lied wees vir al die kandidate. Kandidate kan hulle eie begeleiers gebruik. ’n Begeleier kan voorsien word mits die bladmusiek (geen akkoordkaarte nie) minstens drie weke voor die oudisie ingedien word.

Voornemende studente wat ’n oudisie in koorleiding wil aflê, moet twee voorgeskrewe, kontrasterende werke voorberei. Hierdie werke sal aan kandidate gestuur word ná die sluitingsdatum vir aansoeke (31 Julie 2020). Daar sal ook gehoortoetse op Unisa Graad 3 vlak wees.

2.4.5 Teoretiese plasingstoets vir *Baccalaureus Musicae (BMus)*

Die plasingstoets is nie ’n toelatingstoets nie. Die uitslae van jou plasingstoets bepaal nie of jy tot die studieprogram as geheel toegelaat kan word nie. Dit bepaal wel of jy in die eerste jaar van jou studie reeds met die BMus Musiekteoriemodules kan begin.

Die plasingstoets duur een uur en bestaan uit drie afdelings:

(i) In die eerste afdeling (20 minute) word vrae gestel oor die basiese boustene van musiek: drieklanke, intervalle, toonlere, ritmiese patrone, kadense en tydmaattekens. ’n Groot aantal kort vrae moet beantwoord word.

(ii) Die tweede afdeling neem ook 20 minute en die vrae handel oor harmoniese progressies. Jy word versoek om ’n aantal progressies te skryf, en om ’n eenvoudige melodie te harmoniseer.

(iii) In die derde afdeling moet jy ’n gedeelte van ’n komposisie ontleed deur verskynsels in die musiek te benoem en aan te dui, en deur ooreenkomste en verskille uit te lig. Die laaste afdeling moet binne 15 minute beantwoord word.

Elke afdeling van die plasingstoets is ongeveer op Unisa Graad 5 standaard.

Nadat jou toets gemerk is, ontvang elke student terugvoer oor sy/haar standaard soos dit uit die toets blyk en voorstelle van werk wat gedoen moet word om musiekteorievaardighede en insig in musiek te ontwikkel voordat die eerste studiejaar begin.

Alle BMus eerstejaarstudente wat aanvaar is, moet ook die brugkursus bywoon wat aangebied word voordat die klasse in Februarie begin. Tydens hierdie week word verskeie toetse geskryf, en word jou vaardighede in praktiese harmonie ("harmonie-aan-die-klavier") ook beoordeel. Aan die einde van die week sal die vakvoorsitter jou plasingstoets en al die evaluerings wat tydens die brugkursus afgehandel is, gebruik om te bepaal vir watter musiekteoriemodules jy kan registreer. Dit is belangrik dat jy moet kan bewys dat jy hard kan werk ten einde jou vaardighede en insig te ontwikkel.

2.4.6 Skriftelike opdrag en begripstoets vir *Baccalaureus Musicae (BMus)*

- Voornemende studente sal 'n onderwerp kry waaroor 'n kort opstel in 30 minute geskryf moet word.
- Voornemende studente sal 'n leesstuk in Engels kry wat in 30 minute (in Engels of Afrikaans) opgesom moet word.
- Voornemende studente sal die Oxford plasingstoets skryf om hulle Engelse taalvaardighede te meet.

2.4.7 Praktiese oudisie vir *Baccalaureus Musicae (BMus)*

Die praktiese oudisie duur maksimum 20 minute.

Blasers	
Stukke:	Drie kontrasterende stukke op Unisa / Royal Schools Graad 6 standaard.
Toonlere:	Soos vir Unisa / Royal Schools Graad 6.
Gehoortoetse:	Soos vir Unisa / Royal Schools Graad 6.
Bladlees:	Graad 5-vlak.
Algemeen:	Daar sal gefokus word op goeie tegniek, suiwer intonasie, 'n verskeidenheid van stukke, goeie klankproduksie en musikaliteit / interpretasie. Vermy stukke wat te moeilik en bo jou uitvoervermoëns is. Kies eerder stukke waarmee jy gemaklik is om 'n beter indruk te maak.

Strykers	
Stukke:	Drie kontrasterende stukke op Unisa / Royal Schools Graad 6 standaard.
Toonlere:	Soos vir Unisa / Royal Schools Graad 6.
Gehoortoetse:	Geen.
Bladlees:	Geen.
Algemeen:	Daar sal geluister word vir suiwer intonasie, mooi resonante klank, en karaktervolle spel.

Klavier	
Stukke:	Drie stukke uit verskillende stylperiodes, minimum Unisa / Royal Schools Graad 6 standaard.
Toonlere:	Soos vir Unisa / Royal Schools Graad 6.
Gehoortoetse:	Geen.
Bladlees:	Soos vir Unisa / Royal Schools Graad 6.
Algemeen:	Daar sal geluister word vir afgerondheid van die voordrag, interpretasie, stylbegrip, musikaliteit, klankproduksie en -beheer, tegniese ontwikkeling en vaardigheid, en ritmiese stabiliteit.

Orrel	
Stukke:	Drie stukke uit verskillende stylperiodes, wat ’n prelude & fuga en ’n koraalvoorspel insluit, minimum Unisa / Royal Schools Graad 6 standaard.
Koraalspel:	Drie korale, vierstemmig met pedaal.
Toonlere:	Soos vir Unisa / Royal Schools Graad 6.
Gehoortoetse:	Soos vir Unisa / Royal Schools Graad 6.
Bladlees:	Soos vir Unisa / Royal Schools Graad 6.
Algemeen:	Daar sal geluister word vir algemene musikale afronding, tegniese beheer en stylbegrip.

Sang: Klassiek	
Stukke:	Drie stukke in verskillende tale, style en tempo’s. Let asseblief daarop dat die keuringspaneel uit die verskillende stukke mag kies, nie noodwendig na al die stukke sal luister nie, en jou ter enige tyd mag stop.
Gehoortoetse:	Verskeie soorte gehoortoetse.
Bladsang:	Bladsang op toepaslike vlak sal getoets word.
Algemeen:	Daar sal geluister word vir afgerondheid van die voordrag, interpretasie, stylbegrip, musikaliteit, intonasie, tegniese ontwikkeling en vaardigheid, en ritmiese stabiliteit.

Koorleiding	
Stukke:	Twee voorgeskrewe kontrasterende stukke.
Gehoortoetse:	Soos vir Unisa / Royal Schools Graad 6.
Algemeen:	Daar sal gefokus word op goeie tegniek, musikaliteit, interpretasie en ritmiese stabiliteit.

Sang: Kontemporêre kommersiële musiek	
Stukke:	Drie liedere van verskillende genres/style en tempo’s, bv. een stadige tempo (ballade), een medium tempo, en een vinnige tempo. Die keuringspaneel mag uit die verskillende stukke kies, sal nie noodwendig na al die stukke luister nie, en kan jou ter enige tyd stop. “Backtracks” moet verkieslik gebruik word; sang saam met die kunstenaar op CD is streng verbode. Net een lied mag a capella gesing word. Geen eie komposisies word toegelaat nie. Daar sal ook ’n voorgeskrewe lied wees vir al die kandidate. Kandidate kan hulle eie begeleiers gebruik. ’n Begeleier kan voorsien word mits die bladmusiek (geen akkoordkaarte nie) minstens drie weke voor die oudisie ingedien word.
Gehoortoetse:	Verskeie soorte gehoortoetse.
Bladsang:	Bladsang sal nie getoets word nie.
Algemeen:	Daar sal geluister word vir afgerondheid van die voordrag, interpretasie, stylbegrip, musikaliteit, intonasie, tegniese ontwikkeling en vaardigheid, en ritmiese stabiliteit.

2.4.8 Begeleiding vir praktiese oudisies

Sangers en instrumentaliste vir *BMus* moet hulle praktiese oudisies met begeleiding doen (tensy onbegeleide stukke voorgedra word). Indien dit nie moontlik is om jou eie begeleier saam te bring nie, kan ons jou verwys na plaaslike vryskut-begeleiers wat moontlik hiervoor beskikbaar is. Skakel die ontvangsdame (018 299-1692) in hierdie verband.

2.4.9 Een of twee (of meer) instrumente

Slegs een praktiese instrument word vereis vir die musiekprogramme by die NWU Skool vir Musiek. Daar is egter die moontlikheid om onderrig in bykomende instrumente te ontvang, afhangend van die vaardigheidsvlak wat reeds bereik is. In daardie geval moet in elke bykomende instrument ook ’n praktiese oudisie afgelê word.

3. Toelating

Nadat die keuringsproses afgehandel is, word alle aansoeke op meriete oorweeg. Voornemende studente sal teen **16 Oktober 2020** ingelig word of hulle voorwaardelik vir musiekstudie aanvaar is. Finale toelating kan eers plaasvind nadat die uitslae van die Matriek-eindeksamen bekend is.

4. Beurse

Alle voornemende studente wat die praktiese oudisie in Augustus aflê, word outomaties oorweeg vir een van twee PUK-Prestigebeurse van R20,000 elk. Beurswenners sal teen **30 November 2020** hiervan ingelig word. Die beurse word egter eers in Februarie op die betrokke studente se studenterekeninge inbetaal nadat registrasie plaasgevind het.

Vir verdere beurse en finansiële ondersteuning, skakel Finansiële Steundienste by (018) 299-4062, of besoek die FSD-webblad by < http://www.nwu.ac.za/af/finansiële-steundienste-noordwes-universiteit >.

5. Voorgraadse Kurrikulum 2021

Diploma in Music ~ *1st* Year	
Music Notation	[2 × 16 credits]
Music Education	[8 + 12 credits]
Keyboard Skills	[12 credits]
Performance & Ensemble Studies	[16 + 8 credits]
Introduction to Music Research	[12 credits]
Community Music	[8 credits]
Academic Literacy	[12 credits]

Diploma in Music ~ *2nd* Year	
Music Theory	[2 × 16 credits]
Music Education	[2 × 8 credits]
Keyboard Skills	[12 credits]
Performance & Ensemble Studies	[16 + 8 credits]
African Music	[8 credits]
Music in Society	[2 × 8 credits]
Community Music	[2 × 8 credits]

Diploma in Music ~ *3rd* Year	
Music Theory	[2 × 16 credits]
Music Education	[2 × 8 credits]
Keyboard Skills	[12 credits]
Performance & Ensemble Studies	[16 + 8 credits]
African Music	[8 credits]
Music in Society	[2 × 8 credits]
Community Music	[2 × 8 credits]

BA Music & Society ~ *1st* Year	
Music Theory	[2 × 16 credits]
Music Education	[2 × 8 credits]
Keyboard Skills	[12 credits]

Performance & Ensemble Studies	[16 + 8 credits]
Introduction to Music Research	[12 credits]
African Music	[8 credits]
Community Music	[2 × 8 credits]
Academic Literacy	[12 credits]

BA Music & Society ~ *2nd* Year	
Music Theory	[2 × 12 credits]
Music Education	[2 × 8 credits]
Performance & Ensemble Studies	[24 + 8 credits]
Music Technology	[8 credits]
African Music	[2 × 8 credits]
Music in Society	[2 × 8 credits]
Community Music	[2 × 8 credits]
Understanding the Cultural World	[12 credits]

BA Music & Society ~ *3rd* Year	
Music Theory	[2 × 8 credits]
Music Education	[2 × 8 credits]
Performance & Ensemble Studies	[24 + 8 credits]
Arts Management	[2 × 8 credits]
African Music	[2 × 8 credits]
Music in Society	[8 credits]
Community Music	[2 × 8 credits]
Aesthetics	[12 credits]

Baccalaureus Musicae (BMus) ~ *1st* Year	
Aural Training	[8 credits]
Musicology	[3 × 8 credits]
Music Education	[8 credits]
Music Theory	[16 + 8 credits]
Performance & Ensemble Studies	[24 + 8 credits]
Academic Literacy	[12 credits]
BA subject on level 1 chosen from: *Afrikaans & Nederlands* *English* *French* *German* *Psychology*	[2 × 12 credits]

Baccalaureus Musicae (BMus) ~ *2nd* Year	
Aural Training	[8 credits]
Musicology	[4 × 8 credits]
Music Education	[2 × 8 credits]
Music Theory	[16 + 8 credits]
Methodology	[2 × 8 credits]
Performance & Ensemble Studies	[24 + 8 credits]

Understanding the Cultural World	[12 credits]

Baccalaureus Musicae (BMus) ~ *3rd* Year	
Aural Training	[8 credits]
Performance & Ensemble Studies	[32 + 8 credits]
Philosophy of Culture	[12 credits]
Two subjects on level 3 chosen from: *Arts Management* *Music Technology* *Methodology* *Community Music* *Music Education* *Music Theory* *Musicology* *Composition*	[4 × 16 credits]

Baccalaureus Musicae (BMus) ~ *4th* Year	
Research Methodology	[8 credits]
Research Essay	[28 credits]
Two main subjects on level 4 chosen from: *Music Technology* *Methodology* *Community Music* *Music Education* *Music Theory* *Musicology* *Composition* *Performance*	[4 × 16 credits]

Instruments for Performance in all curriculums
Voice (Western classical & contemporary) & Choral Conducting *Keyboard instruments: piano & organ* *Wind instruments: flute, clarinet, saxophone & bassoon* *Brass instruments: trumpet, french horn, euphonium, trombone, tuba* *String instruments: violin, viola & cello* *Classical guitar*

6. Kontakinligting

Vir navrae en verdere inligting, skakel gerus met enige van die volgende personeellede.

6.1 Programleier — *Diploma in Musiek*

Prof. Santisa Viljoen: (018) 299-1709 / 1692 • < santisa.viljoen@nwu.ac.za >

Programleier — *BA Musiek & Samelewing*

Mnr. Jaco van der Merwe: (018) 299-1699 / 1692 • < jaco.vandermerwe@nwu.ac.za >

Programleier — *Baccalaureus Musicae (BMus)*

Dr. Mignon van Vreden: (018) 299-1700 / 1692 • < mignon.vanvreden@nwu.ac.za >

6.2 Ontvangs

Me. Jané Muller: (018) 299-1692 • < jane.muller@nwu.ac.za >

6.3 Internet

Mailing list:	eepurl.com/bVRYN1
Website:	humanities.nwu.ac.za/music
Blog:	nwumusic.co.za/
Facebook:	www.facebook.com/NWU.Music
YouTube:	www.youtube.com/user/NWUMusic
Instagram:	www.instagram.com/nwumusic